## 4 November - TABERNAKEL

**Skrifgedeelte: Openbaring 21 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Openbaring 21:3**

Die tabernakel was die woning van die Here – die heiligdom waarin Hy in hulle midde gewoon het (Eks 25:8, 9) met die woestynreis. Die tabernakel word soms in die Skrif ook genoem die tent van Getuienis en die tent van samekoms. Die tabernakel was die plek waar die Here met Moses en die volk saamgekom en met hulle gepraat het. Die *tabernakel* was die plek van samekoms tussen die Here en sy volk.

Die tabernakel is op die eerste dag van die eerste maand van die tweede jaar ná die uittog opgerig, en het bestaan uit planke (of style) wat met goud oorgetrek is; tien el lank en tien el breed.

Volgens God se voorskrifte moes dit opgerig word en heenwys as skaduwee van dit wat moet kom. In gebrekkige vorm het hierdie tydelike tentwoning na die einde heengewys; na die wederkoms van ons Here Jesus Christus: dat God by die mense sal woon (Openb 21:3) en met sy volk inniger gemeenskap sal hê as met Adam en Eva in die paradys. Op die nuwe aarde sal die woonplek of *tabernakel* van God by die mense wees en God sal by hulle woon.

In die woestyn was dit 'n tydelike heiligdom, maar dan kom God vir ewig by die mense woon. Dan word die belofte van die Verbond – dat Hy vir sy volk hulle God sal wees en hulle sy volk – ten volle vervul. God sal by die mense wees, in hemelse geluksaligheid, waar Hy al die trane van ons oë afdroog. Bevry uit die aardse tranedal, sal daar nooit meer 'n rede wees om trane te stort nie.

Dit is ons hoop en verwagting, maar as Koninkryksburgers ervaar ons nou alreeds die vrede en innige gemeenskap met God se Woord en Gees, wat ons laat uitsien na die volle gemeenskap wat ons gaan beleef as Christus weer kom.

*Sing: Skrifberyming 18-5:3* *Ds LAS Nel (Elandskraal)*